Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT | forward together sonke siya phambili saam vorentoe

# My voorgraadse saansoek om in 2026 aan die Universiteit Stellenbosch te studeer

Gereelde vrae (frequently asked questions)

## ONDERWERPE


A. MY AANSOEK

B. MY AKADEMIESE AANBOD

C. AANVAARDING VAN AKADEMIESE AANBOD

D. MY STUDENTEKONTRAK

E. MY NASIONALE NORMTOETS-UITSLAE (NNT)

F. MY BEURS-/BEFONDSINGSAANSOEK

G. MY STUDENTEHUISVESTING

H. VERDERE NAVRAE

I. NUTTIGE SKAKELS


## A. MY AANSOEK

### 1. Wanneer is die Universiteit Stellenbosch (US) se aansoekdatums?

| | |
|---|---|
| **1 April 2025** | Voorgraadse akademiese aansoeke en koshuisaansoeke open |
| **31 Julie 2025** | Voorgraadse akademiese aansoeke en koshuisaansoeke sluit |
| **1 Oktober 2025*** | Aansoeke om finansiële bystand (befondsing) vir voornemende studente open |
| **1 November 2025*** | Aansoeke om finansiële bystand (befondsing) vir voornemende studente sluit |
| **15 Desember 2025** | Aansoeke vir Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid (Skool vir Publieke Leierskap) sluit |
| **26 Januarie 2026** | Aansoeke vir Gevorderde Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid (Skool vir Publieke Leierskap) sluit |

***** *Datum kan moontlik verander .*

## 2. Hoe begin ek met my aansoek?

2.1 Gaan na www.maties.com en klik op **Aansoeke is oop: 1 April – 31 Julie** op die tuisblad, of volg die volgende skakels: **Aansoek** op die horisontale spyskaart (menu) bo-aan die tuisblad, en kies dan **Doen aansoek**.

2.2 Skep jou profiel, gebruik jou profielinligting om op die aansoekportaal aan te teken, voltooi al die verpligte velde en dien jou aansoek in.

## 3. Waar kan ek meer uitvind oor die akademiese programme wat die Universiteit Stellenbosch aanbied?

3.1 Vir meer inligting oor voorgraadse akademiese programme, laai die Voorgraadse Prospektus vir 2026 af, en neem kennis van jou spesifieke fakulteit se Toelatings- en Keuringsvereistes.

3.2 Kyk ook na die inligtingsessies op die US se Opedagwebtuiste om meer uit te vind.

3.3 Jy kan ook 'n persoonlike of aanlyn adviessessie by die Afdeling Studentewerwing bespreek: csr@sun.ac.za of 021 808-4709.

## 4. Sê nou ek is reeds vir 'n graad by 'n ander instelling geregistreer, maar ek wil by die US aansoek doen vir toelating tot 'n voorgraadse program?

4.1 Om van jou huidige instelling by die US aansoek te doen, dui onder **Persoonlike inligting** jou huidige aktiwiteit aan as **Universiteit/college/technikon** en antwoord **JA** op die vraag: **Het jy al elders studeer, of studeer jy tans elders?**

4.2 Voltooi dan onder **Tersiêre studie** jou huidige studie-inligting en laai jou akademiese rekord/transkrip, of bewys van registrasie vir die huidige jaar op.

4.3 **LET WEL:** Indien jy versuim om akkurate inligting oor jou vorige registrasie en studies te verskaf, kan dit daartoe lei dat die US jou toelating en/of registrasie kanselleer.

## 5. Waar kan ek my aansoekstatus volg?

Volg die status van jou aansoek op die Aansoekerportaal of www.maties.com. Klik op **Aansoek** op die horisontale spyskaart bo-aan die webblad en kies dan Aansoekerportaal op die aftuimelkieslys.

## 6. Wat moet ek doen as ek nie die wagwoord kan onthou wat ek gekies het toe ek my profiel opgestel het nie?

6.1 As jy die wagwoord vergeet het, gaan weer al die eposse na wat jy van die US ontvang het na na die datum waarop jy aansoek gedoen het. Die aanteken-besonderhede is per epos aan jou gestuur.

6.2 As jy steeds nie jou wagwoord kan opspoor nie, klik op **Wagwoord vergeet?** op die aanmeldblad. 'n Nuwe wagwoord sal per epos aan jou gestuur word.

7. **Wat moet ek doen as my gebruikersnaam en wagwoord-kombinasie nie werk nie?**

   Aansoekers moet hul spesifieke APP/ID as gebruikersnaam gebruik om aan te teken, saam met die nuwe wagwoord (nie hul eposadres nie). As jy 'n foutboodskap — ongeldige besonderhede — ontvang, kies dan asseblief **Wagwoord vergeet?** om 'n nuwe wagwoord per epos te ontvang. Sodra jy 'n nuwe wagwoord ontvang het, teken dan aan met jou spesifieke APP/******* en die nuwe wagwoord.

8. **Wat beteken dit as ek 'n boodskap ontvang wat sê Aansoek is ingedien?**

   Dit beteken dat ons jou aansoek ontvang het, maar nog jou stawende dokumente en inligting moet nagaan.

9. **Wat beteken dit as ek 'n boodskap ontvang wat sê: Aansoek is nagegaan?**

   Dit beteken jou aansoek en stawende dokumente is verwerk. In hierdie stadium sal jou aansoek op die keuringslys begin verskyn sodat die fakulteite dit kan oorweeg.

10. **Ek het 'n boodskap ontvang dat een van my dokumente nie nagegaan kon word nie. Hoe nou gemaak?**

    Keer asseblief terug na die Aansoekerportaal en laai weer die korrekte/ volledige dokument op. As jy die dokument nie kan oplaai nie, stuur dit dan as 'n aanhangsel (attachment) per epos na ons Kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za. Onthou om jou aansoek-ID (APP/1234567) in die onderwerpreël (subject line) in te voeg.

11. **Hoe verander ek my programkeuse nadat ek reeds my aansoek ingedien het?**

    Jy kan jou versoek per epos (info@sun.ac.za) na ons Kliëntedienssentrum stuur. Onthou om jou aansoek-ID by die onderwerpreël in te voeg, en sluit ook die name van jou graadprogramme, en die fokusarea (indien van toepassing) by jou versoek in.

    **LET WEL:** As aansoeke reeds gesluit het (31 Julie), kan die betrokke fakulteit weier om jou versoek vir 'n programverandering te oorweeg. Met ander woorde, ná die sluitingsdatum berus die besluit by die fakulteit of hulle jou versoek om van program te verander sal toestaan of weier.

## B. MY AKADEMIESE AANBOD

1. **Ek het nog niks van die US gehoor nie, maar het reeds aanbiedinge van ander instellings ontvang. Wanneer kan ek terugvoer van die US verwag?**

   1.1 Meeste aansoekers sal voor die einde van September terugvoer oor hul aansoek ontvang.

1.2 As jy op 'n waglys geplaas word, sal jy skriftelik daarvan in kennis gestel word en jou aansoekstatus sal **hersien** bly totdat die US jou 'n voorwaardelike of finale aanbod kan maak, of totdat jou aansoek as **onsuksesvol** gemerk word.
1.3 As ons jou voor 30 September 'n voorwaardelike of finale aanbod maak, het jy tot 30 September om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys; daarna verval die aanbod.
1.4 Ons kan nog na 30 September verdere aanbiedinge maak. In so 'n geval, sal jy DRIE (3) dae kry om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys; daarna verval die aanbod.
1.5 Die meeste finale aanbiedinge word aan die begin van die nuwe akademiese jaar gemaak (in 2026 vir 2025 se aansoekers) nadat die finale graad 12-uitslae (of ekwivalent) bekend gemaak is. Jy het dan TWEE (2) dae om die finale aanbod te aanvaar; daarna verval die aanbod.

## 2. Wat beteken dit om 'n waglys geplaas te word?

2.1 As jy aan die akademiese program se toelatingsvereistes voldoen, maar ons kan weens 'n beperkte aantal plekke jou nie dadelik 'n plek in die program aanbied nie; of
2.2 As jy gedeeltelik aan die akademiese program se toelatingsvereistes voldoen en ons kan jou nie dadelik plek in die program aanbied nie omdat ons nog meer inligting vereis om te bepaal of ons jou toelating kan gee of nie.
2.3 Ons sal direk met jou in verbinding tree sodra ons jou voorwaardelike of finale toelating kan gee op grond van jou huidige uitslae, of kan bevestig dat ons jou nie kan akkommodeer nie.

## 3. Wat is die verskil tussen 'n voorwaardelike en 'n finale aanbod?

3.1 As jy met jou graad 11-punte aansoek doen, kan ons jou toelaat op voorwaarde dat jy jou finale NSS- of gelykstaande eksamen slaag, en dat jou uitslae voldoen aan die vereistes van die program waarvoor jy aansoek gedoen het. Dít is 'n **voorwaardelike aanbod**.
3.2 Ons sal jou 'n **finale aanbod** maak op grond van jou finale graad 12-uitslae (of gelykstaande kwalifikasie) wat aan die begin van die nuwe akademiese jaar (in 2026 vir 2025 se aansoekers) bekend gemaak word. Jy kry dan TWEE (2) dae om hierdie finale aanbod te aanvaar; daarna verval die aanbod.
3.3 Indien jy jou finale skooljaar in 'n vorige jaar voltooi het, en jy met jou graad 12-punte (of gelykstaande kwalifikasie) aansoek doen, sal ons jou vir 'n **finale aanbod/aanbiedinge** oorweeg. Jy sal een van daardie aanbiedinge moet aanvaar voor die sperdatum wat ons in ons skriftelike kommunikasie aandui. Aangesien dit reeds 'n finale aanbod sal wees, sal jy nie aan die begin van die nuwe akademiese jaar (in 2026 vir 2025 se aansoekers) 'n verdere finale aanbod ontvang nie.

## 4. Kan ek meer as een aanbod ontvang?

4.1 Jy kan vir tot drie akademiese programme aansoek doen en daarvoor oorweeg word. Dit is dus moontlik om 'n aanbod vir meer as een van jou programkeuses te ontvang.
4.2 Jy mag egter in enige bepaalde stadium slegs EEN aanbod aanvaar.
4.3 <u>Voorwaardelike aanbiedinge</u>
4.3.1 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar terwyl jy nog op die uitslag van 'n ander programaansoek wag, sal dit hoegenaamd nie die ander aansoek beïnvloed nie. Jy sal steeds vir die ander program oorweeg word.

4.3.2 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod ontvang wat jy graag wil aanvaar, kan jy enige ander voorwaardelike aanbod wat jy tot in daardie stadium aanvaar het, van die hand wys.

4.4 Finale aanbiedinge

4.4.1 Om 'n finale aanbod wat jy reeds aanvaar het van die hand te wys sodat jy 'n ander aanbod kan aanvaar, moet jy die betrokke fakulteitsbeampte/-administrateur kontak om die aanbod wat jy klaar aanvaar het, te kanselleer.

### 5. Sal ek vir 'n finale aanbod oorweeg word?

5.1 Indien jy in graad 12 is, kan ons jou eers 'n finale aanbod maak nadat jou finale graad 12-uitslae aan die begin van 2026 (vir 2025 se aansoekers) bekend gemaak is. Jy hoef nie jou NSS-punte of uitslae van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) op te laai nie. Ons sal dit direk van die Departement van Basiese Onderwys ontvang.

5.2 As jy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie of 'n internasionale skoolkurrikulum gevolg het, moet jy jou uitslae by Undergraduate international applications oplaai sodra jy dit ontvang.

5.3 Indien jy jou finale skooljaar in 'n vorige jaar voltooi het en dus met jou finale graad 12-punte aansoek doen, sal ons jou vir 'n finale aanbod/aanbiedinge oorweeg.

### 6. Teen wanneer moet ek 'n aanbod van die US op die Aansoekerportaal aanvaar?

6.1 Jy het tot 30 September om 'n aanbod te aanvaar.

6.2 As jy meer as een aanbod ontvang, mag jy slegs een van die aanbiedinge aanvaar.

6.3 Voorwaardelike aanbiedinge

6.3.1 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar terwyl jy nog op die uitslag van 'n ander programaansoek wag, sal dit glad nie die ander aansoek beïnvloed nie. Jy sal steeds vir die ander program oorweeg word.

6.3.2 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod ontvang wat jy graag wil aanvaar, kan jy enige ander voorwaardelike aanbod wat jy tot in daardie stadium aanvaar het, van die hand wys.

6.4 Finale aanbiedinge

6.4.1 Om 'n finale aanbod wat jy reeds aanvaar het van die hand te wys sodat jy 'n ander aanbod kan kan aanvaar, kontak die betrokke fakulteitsbeampte/-administrateur om die aanbod wat jy klaar aanvaar het, te kanselleer.

6.5 Jy kan egter nog na 30 September 'n aanbod ontvang. In so 'n geval het jy DRIE (3) dae om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys; daarna verval die aanbod.

## C. AANVAARDING VAN MY AKADEMIESE AANBOD

### 1. Wat moet ek doen om my aanbod amptelik te aanvaar?

1.1 Teken aan op die Aansoekerportaal en aanvaar die aanbod.

1.2 Sodra jy 'n aanbod (hetsy 'n voorwaardelike of finale aanbod) aanvaar, sal jy gevra word om 'n ondertekende studentekontrak in te dien. As ons nie jou ondertekende kontrak ontvang nie, sal jy nie in 2026 kan registreer nie.

**2. Sê nou ek wys die US se aanbod van die hand, maar verander dan van plan?**

2.1 Kontak ons Kliëntediensentrum by info@sun.ac.za.
2.2 Die betrokke fakulteit sal jou laat weet of hulle jou nog kan inneem.

**3. Kan ek meer as een aanbod aanvaar?**

3.1 Hoewel dit moontlik is om meer as een aanbod te ontvang, mag jy in enige stadium slegs een aanbod aanvaar.

3.2 Voorwaardelike aanbiedinge

3.2.1 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar terwyl jy nog op die uitslag van 'n ander programaansoek wag, sal dit hoegenaamd nie die ander aansoek beïnvloed nie. Jy sal steeds vir die ander program oorweeg word.

3.2.2 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod ontvang wat jy graag wil aanvaar, kan jy enige ander voorwaardelike aanbod wat jy tot in daardie stadium aanvaar het van die hand wys.

3.3 Finale aanbiedinge

3.3.1 Om 'n finale aanbod wat jy reeds aanvaar het van die hand te wys sodat jy 'n ander aanbod kan aanvaar, moet jy die betrokke fakulteitsbeampte/-administrateur kontak om die aanbod wat jy reeds aanvaar het te kanselleer.

3.4 Indien jy 'n aanbod van die US wil aanvaar, moet jy so maak teen **30 September**.
3.5 Jy kan egter nog na 30 September 'n aanbod ontvang. In so 'n geval, het jy DRIE (3) dae om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys; daarna verval die aanbod.

## D. MY STUDENTEKONTRAK

**1. Waar kry ek my Universiteit Stellenbosch-studentekontrak om te onderteken?**

1.1 Jou studentekontrak word by jou aanbod ingesluit.
1.2 So nie, kan jy die dokument via die Aansoekerportaal van die webtuiste vir voornemende studente aflaai. Kies **Aansoek** op die horisontale spyskaart bo-aan die webblad, en kies dan **Aansoekdokumente** op die aftuimelkieslys.

**2. Kan ek my studentekontrak elektronies onderteken, of moet ek dit druk, onderteken en oplaai?**

2.1 Jou kontrak moet met die hand onderteken word. Jy moet die kontrak aflaai en druk, onderteken en skandeer om dit weer te kan oplaai.
2.2 Ons kan ongelukkig nie 'getikte' handtekeninge, elektroniese handtekeninge of 'n foto van die ondertekende kontrak aanvaar nie.
2.3 Gebruik die Adobe Scan-toepassing om jou studentekontrak te skandeer, of ondersoek ander moontlikhede op die *Google Play Store/App store* of die *Huawei App Gallery* op jou slimfoon.

## E. MY NASIONALE NORMTOETS-UITSLAE (NNT)

### 1. Moet ek die NNT skryf?

1.1 Slegs *School of Tomorrow*-aansoekers en diegene wat by die Fakulteit Regsgeleerdheid aansoek doen, moet die NNT skryf.
1.2 Indien jy by die Fakulteit Regsgeleerdheid aansoek doen (BA Regte; BCom Regte; BRekLLB en die vierjaar- LLB-program) moet jy voor 31 Julie in jou aansoekjaar (in 2025 vir die 2026 akademiese jaar) die NNT aflê.
1.3 *School of Tomorrow*-aansoekers moet die NNT voor die einde van September 2025 aflê sodat die goedkeuring van aansoekers se diskresionêre toelating deur die US se Senaat betyds vir registrasie in 2026 afgehandel kan word.

### 2. Moet ek my NNT-uitslae indien?

Nee, dit is nie nodig nie. Die Sentrum vir Opvoedkundige Toetsing vir Toegang en Plasing (wat by die Universiteit van Kaapstad geleë is) sal jou NNT-uitslae aan die US stuur.

### 3. Waar kan ek meer uitvind oor NNT-datums en -besprekings?

Besoek www.nbt.ac.za vir meer inligting.

## F. MY BEURS/BEFONDSINGS-AANSOEK

### 1. Wanneer kan ek by die US vir 'n beurs/befondsing aansoek doen?

Befondsingsaansoeke vir voornemende studente open op 1 Oktober 2025 en sluit op 1 November 2025* vir die 2026 akademiese jaar. Laat toelatings sal van geval tot geval hanteer word.
(**Datums onderworpe aan verandering.*)

### 2. Wie mag vir befondsing aansoek doen?

2.1 Alle studie-aansoekers wat Suid-Afrikaanse burgers is en 'n voorwaardelike of finale aanbod van die Universiteit Stellenbosch ontvang het, kan aansoek doen.
2.2 Aangesien die Universiteit se finansiële hulpbronne beperk is, word befondsing toegeken op grond van finansiële behoefte (huishoudelike finansiële omstandighede) en akademiese meriete (die aansoeker se potensiaal om suksesvol te kan studeer).

### 3. Watter soorte befondsing is by die US beskikbaar.

Ons bied 'n verskeidenheid hoofsaaklik gedeeltelikekostebeurse. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 2 (Beurse en Lenings) vir meer besonderhede. Besoek ook die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings se webblad en kies Soorte Befondsing.

### 4. Watter dokumente moet ek voorsien wanneer ek 'n befondsingsaansoek indien?

4.1 Jy moet verskeie stawende dokumente voorsien as jy by die US om befondsing aansoek doen. Raadpleeg die tabel hieronder vir 'n samevatting van die stawende dokumente wat jy na gelang van jou persoonlike, gesins- en finansiële

omstandighede moet indien. Alle aansoekers moet die toestemmingsvorm (onderteken deur alle partye) voltooi.

4.2 Let asseblief daarop dat alle stawende dokumente duidelik gemerk moet wees; in PDF-formaat opgelaai moet word; en dat 'n lêer nie 2MB mag oorskry nie.

4.3 Alle dokumente wat as bewys van inkomste ingedien word, sal deur 'n derde party geverifieer word.

| **PERSOONLIKE INLIGTING VAN STUDENT:** | **INLIGTING VAN OUER(S) OF WETTIGE VOOG(DE)** vir elke ouer/wettige voog**:** |
|---|---|
| • Gewaarmerkte afskrif van **ID**<br>• **Mediese sertifikaat** (indien jy 'n gestremdheid het) of **SASSA**<br>• Enkelblad-opsomming van jou CV, met enige leierskapsrolle, sportprestasies en ander toekennings.<br>• Jongste akademiese rekord indien jy tans aan 'n ander universiteit studeer | • **Sterftesertifikaa**t indien oorlede<br>• Gewaarmerkte afskrif van **ID**<br>• **Bewys van inkomste en maandelikse inkomste voor belasting** (salarisstrokie/ITA34/ beëdigde verklaring van tipe informele werk en inkomste) of **bewys van werkloosheid (**(beëdigde verklaring/afleggingsbrief/WVF-brief), **kindertoelae** (onderhoudsooreenkoms), **of pensioen/SASSA** (brief van bank/bankstaat) |
| **GESINSINLIGTING**<br>• **Huwelikstaat** van ouer(s)/wettige voog(de); indien uitmekaar, geskei of vervreemd, **bewys van skeiding**, **egskeiding** (skeibevel) of **vervreemding**, en **onderhoudsooreenkoms** indien van toepassing.<br>• **Bewys van universiteitsregistrasie** van enige broers of susters, slegs tot en met drie**.** | **INLIGTING VAN EGGENOOT** (indien aansoeker getroud/weduwee/wewenaar is)<br>• **Sterftesertifikaat** indien oorlede<br>• Gewaarmerkte afskrif van **ID**<br>• **Bewys van inkomste en maandelikse inkomste voor belasting** (salarisstrokie/ITA34/beëedigde verklaring van tipe informele werk en inkomste), of **werkloosheid** (beëdigde verklaring/afleggingsbrief/WVF-brief), of **kindertoelaag** (onderhoudsooreenkoms), of **pensioen/ SASSA** (brief van bank/bankstaat) |
| Plus die **toestemmingsvorm** onderteken deur alle partye. | |

## 5. Hoe doen ek aansoek vir befondsing?

Sodra jy as voornemende student jou voorwaardelike of finale aanbod aanvaar het, sal jy 'n e-pos van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings ontvang met die besonderhede van hoe jy vir befondsing kan aansoek doen. Alle aansoeke vind aanlyn plaas en jy benodig jou aansoek-ID (APP/1234567) vir toegang tot die portaal. Besoek intussen die webblad van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse & Lenings en kies Aansoekproses.

## 6. Wanneer sal ek van die uitslag van my befondsingsaansoek in kennis gestel word?

Alle **volledige aansoeke** sal ná die sluitingsdatum oorweeg word. Die toekenning van beurse aan studente wat betyds aansoek gedoen het, sal teen die einde van die jaar gefinaliseer word. Die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings stel daarna elke aansoeker skriftelik in kennis van die uitslag van hul aansoek.

## 7. Hoe doen ek aansoek by die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS)?

7.1 NSFAS befonds nuwelingstudente wat vir die eerste keer aan 'n openbare universiteit studeer.
7.2 Alle aansoekers uit huishoudings met 'n bruto inkomste (totale inkomste voor belasting) van minder as R350 000 per jaar kan vir 'n NSFAS-beurs oorweeg word. Vir studente wat met gestremdhede leef, moet die bruto huishoudelike inkomste nie R600 000 per jaar oorskry nie.
7.3 Aansoeke moet aanlyn via die NSFAS-webblad ingedien word. Aansoeke open gewoonlik laat in November en sluit aan die einde van Januarie in die daaropvolgende jaar. Jy sal 'n myNSFAS-rekening moet open om te kan aansoek doen. Ons beveel aan dat jy die amptelike NSFAS-webtuiste gereeld besoek vir die jongste aankondigings en nuus.
7.4 Die Universiteit Stellenbosch bestuur nie die aansoek- of keuringsproses vir NSFAS nie. Ons help slegs, in opdrag van die regering, om beursuitbetalings (betaling van gekeurde toelaes) aan suksesvolle aansoekers te adminstreer.

### 8. Wie kan ek kontak vir verdere inligting oor US-befondsing?

Kontak gerus ons Kliëntedienssentrum by 021 808 9111 of of doen navraag via ons aanlyn diensportaal vir US-befondsingsgeleenthede. Onthou om jou aansoek-ID in alle korrespondensie in te sluit, byvoorbeeld APP/1234567 / 2026 US-befondsingsnavraag. Gebruik na registrasie aan die begin van die nuwe akademiese jaar, jou studentenommer in plaas van jou aansoek-ID.

## G. MY STUDENTEVERBLYF

### 1. Is verblyf by my akademiese aanbod ingesluit?

Studentehuisvesting is nie by die akademiese aanbod ingesluit nie. Dit is jou eie verantwoordelikheid (en jou eie onkonste) om verblyf te kry voordat jy op die kampus aankom en registreer. Inligting oor universiteitskoshuise en geakkrediteerde privaatverblyf is op die webblad vir voornemende studente beskikbaar.

### 2. Hoe werk die tydlyn vir koshuisplasing?

2.1 Aanbiedinge vir plasing in 'n US-koshuis word deurlopend tot en met die einde van Oktober (Oktober 2025 for 2026) gemaak.
2.2 Indien jy teen die einde van Oktober nie koshuisplek gekry het nie, sal jy 'n epos ontvang wat dit bevestig en jou na ons webblad vir privaatverblyf en die koshuiswaglys verwys.

### 3. Hoe aanvaar ek 'n koshuisplek as ek een aangebied word?

3.1 Indien 'n plek in 'n US-koshuis op die Stellenbosch-kampus aan jou toegeken word, sal jy 'n aanbod ontvang wat jou vra om binne DERTIG (30) kalenderdae die aanbod te aanvaar en 'n aanvaardingsbedrag van R5 100 te betaal.
3.2 Die betaling van die aanvaardingsbedrag bevestig dat jy die volgende aanvaar:: plek in die koshuis; die terme en voorwaardes van die plasingsbeleid; die bestuursriglyne, en die terme en voorwaardes wat saam met jou aanbodbrief gestuur word. Dit word ook op die webblad gepubliseer.
3.3 Indien ons nie jou aanvaardingsbedrag teen die sperdatum ontvang nie, sal jou koshuisaanbod gekanselleer word.

3.3.1 Die US kan op grond van die sosio-ekonomiese inligting wat jy saam met jou programaansoek verskaf het, jou van die aanvaardingsbedrag kwytskeld of die bedrag na R500 verminder. Dié verminderde bedrag moet binne DERTIG (30) kalenderdae betaal word om jou koshuisplek op die Stellenbosch-kampus te bevestig. Vir koshuisplek op die Tygerberg-kampus moet die verminderde aanvaardingsbedrag van R500 binne VYF (5) kalenderdae betaal word.

3.3.2 Jy kan vrystelling van die aanvaardingsbedrag versoek deur 'n motivering en bewys van finansiële behoefte per epos aan die Studente-akkommodasiekantoor (info@sun.ac.za) te stuur.

3.3.3 Jy kan ook van die aanvaardingsbedrag vrygestel word indien jy op grond van behoefte finansiële bystand ontvang. Stuur asseblief 'n bewys van die beurs na info@sun.ac.za

### 4. Indien my aansoek vir koshuisplasing nie suksesvol is nie, hoe vra ek om vir koshuisplek heroorweeg te word?

4.1 Indien jy nie in 'n koshuis geplaas is nie, maar graag oorweeg wil word in geval van moontlike kansellasies, kan jy vanaf 1 November in jou aansoekjaar op die waglys registreer. Volg hierdie stappe:

a) Besoek student.sun.ac.za
b) Klik op **Waglys | Waiting List**

4.2 Die waglys-registrasie word op 1 November 2025 (vir die 2026 akademiese jaar) op die Aansoekerportaal oopgestel.

4.3 Neem asseblief in ag dat plek in jou voorkeurkoshuis of enige koshuisplek in hierdie laat stadium (November in jou aansoekjaar) baie beperk is. Daarom word jy aangeraai om privaatverblyf te oorweeg. Besoek die webblad vir privaatverblyf vir meer inligting.

## H. VERDERE NAVRAE

- Kontak gerus ons Kliëntedienssentrum by 021 808 9111 of info@sun.ac.za vir enige verdere navrae.
- Maak ook gebruik van ons WhatsApp-kletsbot by 061 729 8858.
- Sluit asseblief jou aansoek-ID (APP/1234567) en studentenommer (sodra dit gedurende registrasie vroeg in die nuwe akademiese jaar toegeken is) by alle kommunikasie in.
- Ons probeer om eposnavrae binne drie (3) werksdae te beantwoord.

## I. NUTTIGE SKAKELS

- Hoe doen ek aansoek?
- Voorgraadse prospektus 2026
- https://www.sun.ac.za/afrikaans/maties
- Verblyf
- Beurse en lenings
- Fakulteit- en algemene jaarboeke

19|06|2025